2021 Pinocchio projek

Rietvallei se Omgee projek vir 2021 was tydens ons 2020 AJV goedgekeur en het as die ***Pinocchio projek*** bekend gestaan. Die versoek was dat lede enigiets, nie net breiwerk, kon inhandig wat kinders tussen die ouderdomme 2maande en ouer benodig. Hierdie kindertjies kom hoofsaaklik uit baie arm ouerhuise en die kleuterskool benodig oa. klere en kruideniersware.

Pinocchio kleuterskool gaan tans ook gebuk onder die Covid 19 pandemie met ouers wat werke verloor het en dus nie skoolgelde kan betaal nie. Hierdie kinders word daagliks versorg en is Marie Visagie, wat die kleuterskool al vir bykans 57jaar bedryf, se hartklop. Weens Marie se ouderdom het haar skoondogter, Michele, ook nou begin en bedryf hoofsaaklik die kleuterskool.

Ons oorhandiging het op 04 Mei 2021 plaasgevind waartydens ons ‘n wavrag goedere afgelewer het, wat ingesluit het klere, komberse, speelgoed, lekkernye, kruideniersware, skoonmaakmiddels, wetwipes en toiletpapier om net ‘n paar te noem.

Hierdie was seer sekerlik ook weereens een van ons vele suksesse vir Rietvallei.

Daar was vele mondelinge terugvoer waar lede hul waardering en dank uitgespreek het om te kon meedeel aan hierdie ***OMGEE*** projek, maar onderstaande boodskap vanaf die kleuterskool beteken baie.

> ***“More Tjaart baie, baie dankie vir die skenking aan Pinocchio kleuterskool - dit word opreg waardeer. Julle is engele op ons pad. Sê ook asb dankie aan al die wonderlike mense in jul organisasie vir hul skenkings.***
>
> ***Mag God jul ryklik seën.***
>
> ***Pinocchio groete, Michele en Marie***

So, baie dankie aan **ieder en elkeen** wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale 2021 projek betrokke was.

Groete
Tjaart.
Hieronder volg ‘n paar fotobeelde wat ook vanselfsprekend is:

2021 Pinocchio projek

Die volgende dag smul die kindertjies reeds aan hul vars kruideniersware.....